wees. Om die bogenoemde redes kan Cassirer se mensbeskouing nie reg laat wedervaar aan die sosiale opvoeding nie, wat onses insiens van fundamentele belang is.

Omdat die mens in sy tipiese menswees eers geken kan word as hy die wêreld van "meaning" betree sou enige sielkunde of opvoedkunde wat hom toespits op die "being" vir Cassirer onaanneemlik wees. Ons noem hier wat prof. Oberholzer sal bestempel as 'n scientisties-georiënteerde psigologie en pedagogiek.[1] Die behaviorisme wat toespits op die gedrag van die mens, kan nooit die mens in sy wese ken nie. Deur eksperiment en statistiek kan slegs die minder wesenlike van die menslike bestaan benader word. Cassirer sal dus 'n voorstander wees van 'n geesteswetenskaplike georiënteerde opvoedkunde en opvoedkundige sielkunde. Hierdie implisiete verwerping van 'n scientistiese opvoeding kan ons waardeer. Waar Cassirer dit egter doen vanuit idealistiese motiewe, doen ons dit omdat ons die mens nie slegs in sy materiële bestaan wil ken nie maar ook in sy geestelike. Die bogenoemde siening beklemtoon net die materiële bestaan van die mens.

In die simbolewêreld van Cassirer het geregtigheid, skoonheid, waarheid, reinheid van hart, ens., alhoewel menslike simbole, 'n objektiewe bestaan. Die selfbevryding lê nie slegs in die skepping van hierdie waardes as simbole nie, maar ook in die realisering daarvan. Die opvoeding moet die kind dan lei tot die realisering van hierdie waardes. In die opsig sal die opvoedkunde vir Cassirer 'n waardewetenskap wees. Hiermee wil ons saamstem, maar die waardes is nie simbolies-funksionele skeppings van die menslike gees nie. Hulle het bestaan afgesien daarvan of die mens hulle ken of nastreef. Die realisering van die waardes is ook nie deel van die mens se selfbevrydingsproses nie, maar is deel van die mens se religie waardeur God verheerlik word.

## <u>HOOFSTUK 18</u> <u>CASSIRER SE KULTUURBESKOUING EN DIE OPVOEDING</u>

<u>1. Inleiding.</u> As ons ons op die terrein van die kulturele opvoeding beweeg, kom ons voor heelwat probleme te staan. Hierdie probleme is in 'n groot mate aan 'n vae terminologie en 'n onnoukeurige afbakening van terrein te wyte. Dit is veral nodig om duidelik tussen kultuur, godsdiens en religie te onderskei.

Kultuur is gegee waar die mens natuur en homself beheers. In hierdie beheersing van die natuur word dit omgevorm sodat dit in sy omgevormde toestand tot diens van die mens kan wees. Dit betrek al die terreine waarop die mens beweeg. So is die beheersing van klanke wat die mens maak om 'n boodskap te dra, beheersing van middele om voortbestaan te verseker, die beheersing van 'n stuk yster om gereedskap te vorm, die plant van 'n heining om 'n skerm te vorm, ens., ens. alles kultuur. Maar om die natuur te kan beheers moet die mens hom eers self kan beheers; Daarom is kultuur ook selfbeheersing. Maar dit is nie al nie, want in hierdie selfbeheersing kan hy ook reg en sedelikheid beoefen - wat ook kultuur is. In sy natuur- en selfbeheersing is hy ook in staat om menslike verhoudings te vorm

120./ soos die huwelik, ....

1. C.Oberholzer: Inl. i.d. Prins. Opv., 219.

soos die huwelik, die gesin, die staat, ens. Hierdie verhoudings en institute is ook alles deel van die menslike kultuur. Kultuur is dan 'n innerlike of uiterlike aktiwiteit sowel as die resultaat wat met die aktiwiteit verkry is. Dit omvat dus denke (wetenskap), taal en kuns; ekonomie, reg en die sedelike; geskiedenis en tegniek; huwelik, gesin, volk, staat en maatskappy.

Godsdiens in die engere sin behels ook aktiwiteite van die mens waarin kultuurmiddele gebruik word, maar dit is geen kultuur nie. Ook die resultaat vqn hierdie aktiwiteite (gebedsverhoring, gemoedsrus, bekering, ens.) is geen kultuur nie. In die godsdiens het ons te doen met aktiwiteite waarin die mens in 'n vertikale verhouding tot sy God staan, waar hy dien en eer en nie heers nie.

Religie (godsdiens in die ruimer sin) omspan beide godsdiens en die kultuur. As die mens die kultuur as roeping, as die uitvoering van 'n goddelike opdrag aanvaar, betree ons die terrein van die religie. In sy kultuurheerskappy dien die mens God wat hom daartoe geroep het en met die vermoë bedeel het. Dit maak nog nie van die kultuur godsdiens nie, want in die kultuur staan die mens in horisontale verhoudings, terwyl hy in die godsdiens in 'n vertikale verhouding staan. Die religie sien die kultuur in sy betrokkenheid op God, want die kultuur moet in laaste instansie altyd in diens van en tot eer van God staan.

In die lig van bogenoemde moet daar dus duidelik onderskei word tussen die opvoeding tot godsdiens en die opvoeding tot kultuurvorming.

As daar van kulturele opvoeding gepraat word, het dit betrekking op die bring van kennis van die kultuurskeppings van die mens, die vorming en ontwikkeling van die mens tot kultuurskepping en ook die kweking van 'n bepaalde gesindheid.

As ons Cassirer se kultuurbeskouing reg wil verstaan, moet in gedagte gehou word dat hy die kultuur sien as "the system of human activities"[1], waarvan taal, mite, godsdiens, kuns, wetenskap en geskiedenis die samestellende dele is. Alhoewel hierdie aktiwiteite so uiteenlopend van aard is, word hulle saamgebind tot 'n eenheid deur 'n funksionele simboolvormende band. In die skepping van sy kultuur vervul die mens sy funksie van menswees, en sy kultuurskeppings is die geskiedenis van die mens se progressiewe selfbevryding. Daardie aktiwiteite wat dus nie pas in die "system of human activities" nie, is nie kultuuraktiwiteite nie. Kultuurobjekte is daardie objekte wat tot stand gekom het as gevolg van die mens se kultuuraktiwiteite. Die enkeling se kultuuraktiwiteite en kultuurprodukte moet altyd in die lig van die kultuur van die mensdom as geheel gesien word. Dit is die resultaat van 'n funksie wat hy met alle mense gemeenskaplik het en dit is deel van die mensdom se "emergent evolution" en sy "progressive selfliberation".

Volgens ons kan aflei, sal alle opvoeding vir Cassirer uit kulturele opvoeding bestaan. Die mens het geen bestaan buite sy kultuur nie. Die mens se uitstaande kenmerk, dit wat hom onderskei is nie sy metafisiese

121./ aard nie ......

1. E.o.M., 68.

aard nie, maar sy werk. Cassirer sê: "Man cannot live his life without expressing his life"[1]. Hierdie werk van die mens, hierdie "expressing his life" is sy kultuur. Omdat opvoeding juis gaan oor die lewe (in die breedste sin van die woord) van die kind moet alle opvoeding vir Cassirer kulturele opvoeding wees. Die grondslae vir sover dit nie lê in sy substansiële bestaan nie[2], moet dan lê in die mens se kultuur.

Ons erken in ons teoretiese opvoedkunde nie net die mens se werk nie, maar ook sy onveranderlike syn of wese soos dit blyk onder andere in sy eenheid, in die beeld van God in hom, in sy onselfstandigheid, in sy sondegebondenheid, ens. Die teoretiese opvoedkunde moet rekening hou met wat die mens is en wat hy bestem is om te wees. Ons kan byvoorbeeld noem sy kindskap Gods, die mens as kroonpunt van die skepping, die mens as heerser oor die natuur en oor homself. Die verskil in benadering word duidelik as ons die sedelik slegte daad van die mens beoordeel. Volgens Cassirer sal dit die daad, die werk wees wat sleg is terwyl ons die mens as sleg sal sien wat die slegte daad gedoen het. Om kort saam te vat: Ons sien die opvoeding as 'n taak om die mens te vorm en nie net om die mens te leer werke vorm nie. Die werk is ook belangrik maar dit is van sekondêre belang, terwyl die mens self van primêre belang is.

2. Die plek van die godsdiens in die opvoeding. Soos ons in ons inleiding hierbo aangetoon het, omsluit die godsdiens en die religie vir die gelowige die hele mens en sy bestaan. Dit is bepalend vir sy hele lewens- en wêreldbeskouing en dit is veral ook van toepassing op die opvoeding, want in sy godsdiens en religie lê vir hom die doel en die sin van die lewe opgesluit.

Cassirer sien godsdiens as 'n kultuurverskynsel. As sodanig is dit een van die kultuursektore waarin die mens tot vryheid ontwikkel. Sy hele ontleding van die godsdiensverskynsel is daarop gemik om dit aan te toon. Volgens Cassirer is die godsdiens in sy wese gegrond in die basiese oortuiging van die mens naamlik die gevoel van solidariteit, 'n vereenselwiging van die mens as persoon met die hele kosmos (sympatheia ton holoon). In die ontwikkeling van die individualiteit van die mens neem hierdie saamlewing met die geheel 'n sedelike vorm aan, want die mens moet hiervolgens reinheid van hart besit om een met God te kan wees. Cassirer onderskei dus nie in sy wese tussen sedelikheid en godsdiens nie. God is vir hom die simbool van die goeie en deur middel van sy godsdiens word die mens in staat gestel om die hoogste vorm van sedelike ontwikkeling te bereik, naamlik reinheid van hart.

Oënskynlik sal godsdiens, soos Cassirer dit sien, nietemin 'n belangrike funksie in die opvoeding vervul. In die strewe na die verwesenliking van die godsdienstige ideaal, naamlik reinheid van hart, word daar vir die mens betekenis aan sy strewingslewe gegee. Hierdie ideaal is nie 'n gebod wat deur 'n Hoër Wese as hyself aan die mens opgelê is nie, maar is 'n simbool wat hyself daargestel het kragtens die aangebore aard van die menslike funksie. Deur middel van hierdie simbool kan die mens

122./ tot vryheid in ......

1. E.o.M., 224
2. Vgl. die biologiese, fisiologiese, ens. grondslae wat prof. Coetzee stel

tot vryheid in sy godsdienstige lewe kom.

Soos ons reeds gesê het, vereenselwig Cassirer blykbaar sedelikheid met godsdiens (bes moontlik is dit die rede waarom Cassirer in sy "An Essay on Man" nie sedelikheid as 'n aparte kultuursektor behandel nie). Dit beteken dat hy vir die godsdiensopvoeding in ons sin van die woord geen plek het nie, maar ook dat hy die sedelike opvoeding uiteindelik tot die godsdiensopvoeding, soos hy dit sien, moet herlei. Sodoende kan hy nie die godsdiensopvoeding wat bestaan in diens van en tot verheerliking van God as Persoon, reg laat geskied nie en ook nie aan die sedelike opvoeding wat moet lei tot self en naaste liefde nie. Ons onderskei baie duidelik tussen die twee. Opvoeding tot godsdiens het ten doel om die kind op te voed ten einde hom in die regte vertikale verhouding met sy God te laat staan. Hiertoe word die Woord verkondig sodat die kind kennis kan verwerf van God-Drieënig, die kind word gelei om die gebedslewe te beoefen, sy liefde tot God word gewek, hy word geleer om die gebooie te gehoorsaam, sy sondebesef word gewek, ens. Dit alles is by Cassirer nie moontlik nie. Die godsdiensopvoeding neem by ons 'n sentrale plek in die hele opvoedingstelsel in en is nie maar een van die aspekte van die opvoeding nie.

In die sedelike opvoeding het ons te doen met die mens in sy horisontale verhoudings en dit is gebaseer op persoonsliefde (self- en naasteliefde). Om hierdie liefde reg te kan beoefen is karaktervorming by die kind noodsaaklik en is dit ook die vorm wat ons sedelike opvoeding aanneem. As voorbeeld kan ons noem: opvoeding tot naasteliefde wat lei tot diens aan die medemens in die wekking tot gehoorsaamheid. Hierdie interindividuele sedelike verhouding van liefde, kan beswaarlik by Cassirer se implikasies tot sy reg kom.

Alhoewel ons godsdiens en sedelikheid van mekaar onderskei, is hulle ook in die godsdiens deur die religie innig met mekaar verbind. Deur 'n hoogstaande sedelike lewe word God ook gedien en geëer en word die beeld van God in die mens duideliker.

Vir Cassirer moet die godsdiens (en ook die sedelikheid) tot selfbevryding lei, maar vir ons moet dit tot vryheid lei. Ook hierin is daar 'n radikale verskil in siening. Opvoeding tot selfbevryding is opvoeding tot die losmaking van die mens van sy eie sinnelike gebondenheid en tot vergeesteliking, terwyl ons die opvoeding tot vryheid sien as die roepingsvervullende en wetsgehoorsame diens aan die lewende God en die Woord en stryd teen die sondeverslawing.

Hierdie opvoeding tot selfbevryding in die godsdiens sal by Cassirer 'n heel onpersoonlike vorm aanneem want die uiteindelike resultaat, reinheid van hart is 'n inhoudlose vergeestelikte ideaal.

Dit bring ons by die probleem van die kwaad. Cassirer sal as kwaad sien die sinnelike gebondenheid van die mens en die gevolglike spannings, terwyl ons as kwaad sal sien die sonde en afval van God met die gevolglike spanning van die stryd tussen die Ryk van die Lig en die

123./ Ryk van die .......

Ryk van die Duisternis in ons. Die oplossing moet Cassirer soek in die selfbevryding terwyl ons dit vind in die verlossing en herskepping in Christus. Dit bring ook 'n totaal verskillende benadering van die kind mee. Waar Cassirer die kind sal sien as 'n wese wat op pad is na selfbevryding sal ons hom sien as 'n sondaar wat na Christus gebring moet word.

Dat Cassirer se beskouing egter bevrugtend sal wees vir 'n opvoedkunde wat op sy mensbeskouing gebaseer is, is duidelik en as sodanig waardevol.

3. Die plek van die taal in die opvoeding. Dat taal 'n sine qua non vir al die mens se godsdienstige en kulturele aktiwiteite is, vereis geen regverdiging of motivering nie. Hierdie stelling is geldend wat ook al die beskouing oor en die verklaring van taal mag wees. Andersyds het die verskillende beskouings oor taal tog vir die opvoedkunde besonder implikasies. Ons moet dus hier probeer vasstel watter implikasies Cassirer se besondere taalbeskouing vir die teoretiese opvoedkunde het.

Uit die verklaring van taal sal dit moet blyk waarom die kind 'n taal aangeleer word. Die eerste waarmee alle taalbeskouings sal saamstem is dat taal aangeleer word sodat daar 'n band tussen mense kan wees. Mense wat dieselfde taal aangeleer het, kan op sinvolle en verstaanbare wyse met mekaar in gemeenskap kom. Hierby kan ons voeg dat dit ook 'n band tussen mens en God sowel as tussen mens en die wêreld kan vorm - omgang met dinge vereis benoeming.

Vanuit sy funksionele simboliese siening is daar vir Cassirer nog 'n ander baie belangrike funksie wat taal moet verrig, naamlik dat die mens daardeur transendentaal sin en betekenis in sy wêreld bring en om hierdie sin en orde aan ander oor te dra. Met hierdie siening van die doel van linguale opvoeding kan ons nie saamstem nie. Die kind moet die taal aanleer sodat hy die ontwaarde as ontwaarde in hoorbare klanke op verstaanbare wyse kan uitdruk. Hy gee nie sin aan die ontwaarde in sy taal nie maar hy gee die sin wat hy in die ontwaarde vind weer.

'n Ander rede wat voortvloei uit Cassirer se taalbeskouing waarom die kind 'n taal moet aanleer is dat hy in taal vir die eerste keer tot die simbolewêreld toetree. Hierdie toetrede is noodsaaklik, want sodoende is die mens in staat tot progressiewe selfbevryding. Onses insiens bring taal vryheid en nie selfbevryding nie omdat die mens deur middel van taal kan heers oor die wêreld en oor homself; hy kan die moontlikhede wat in homself en in die wêreld lê ook deur middel van taal aktualiseer; hy kan taal in diens stel van die godsdiens en ander kultuuraktiwiteite.

Die hoogste doel van die taalopvoeding ken Cassirer nie. Die mens moet die taal aanleer sodat hy God kan eer en dien en sodat hy sy roeping as kind van God kan vervul.

Cassirer beskou die regte ontleding van taal só noodsaaklik dat hy sê dat die kennis van die ontwikkeling van die taal terselfdertyd ook die kennis is van die ontwikkeling van die menslike gees. Dit geld vir

124./ die ontwikkeling ....

die ontwikkeling van die mens in die algemeen, maar ook vir die ontwikkeling van die kind. Omdat hierdie insig vir die opvoeder so belangrik is, sal dit vir hom nodig wees om noukeurig te let op die taal wat die kind gebruik. Sodoende sal dit vir hom moontlik wees om die kind se ontwikkeling van "being" na "meaning" te vergemaklik en kan hy voorkom dat die kind in soveel blinde loopgange beland. Volgens ons beskouing is die onontwikkeling van die mens en ook van die kind in 'n toenemende ken en verstaan en aanvaarding van die sin en wet wat in die kosmos sowel as in homself lê. Hy leer ook God en die openbaring van God ken. Hiertoe is 'n juiste en suiwer taalgebruik nodig sodat die taal van die kind al meer aan die doel en die funksie van taal kan beantwoord.

Uitgaande van Cassirer se taalbeskouing skyn dit onwenslik te wees dat 'n kind 'n vreemde taal gelyktydig met sy moedertaal aanleer. Alhoewel dit vir die kind miskien gemakliker sal wees om 'n vreemde taal op 'n vroeë stadium van sy ontwikkeling aan te leer kan dit verwarring in sy gees bring. Om twee of meer simbole vir die kind gelyktydig vir dieselfde "meaning" te gee moet òf die "meaning" vervaag òf die simbole verwar. Dit sal die selfbevrydingsproses sodoende vertraag en die kind dan langer sinnelik gebonde hou. Eers as die kind in sy eie taal gegrond is, dit wil sê as hy deur middel van taal van die sintuiglike losgemaak is, kan die tweede taal aangeleer word. Ons wil graag onderskryf dat die kind eers in sy moedertaal onderrig moet word maar nie uit dieselfde oorwegings as wat hier genoem is nie. 'n Te spoedige aanleer van 'n vreemde taal sal verwarring in die kind se gees bring, maar nie net 'n verwarring in die simbole nie, dog 'n verwarring in die betekenis van woorde en sinne en ook verwarring in die kind se kontak met dinge. Verder moet die moedertaal in die lig van nasionale onderwys en opvoeding gesien word, wat moeilik by Cassirer, vanuit sy hele mensbeskouing, tot sy reg kan kom.

4. Die plek van die kuns in die opvoeding. Cassirer beweer, en ons wil dit onderskryf, dat die skepping en genieting van skoonheid 'n onmiskenbare deel is van die menslike ervaring. Omdat die opvoeding die hele mens moet betrek, moet enige opvoedingstelsel, beide in teorie en praktyk daarmee rekening hou. Dit is eers in betreklik moderne tye dat die belangrikheid van hierdie eis deur opvoedkundiges erken is. Dat so baie mense nie 'n gevoel vir skoonheid het nie, moet nie hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n inherente gebrek nie maar liewer aan 'n gebrekkige opvoeding. In elke normale mens is in 'n meerdere of mindere mate die aanleg vir die belewing van skoonheid teenwoordig.[1]

Uitgaande van sy mensbeskouing kan ons aflei dat Cassirer die noodwendigheid van 'n estetiese opvoeding soos volg kan motiveer : Kuns (die skepping en genieting van skoonheid) is nie 'n weergawe van die werklikheid nie maar 'n intensifikasie daarvan. Hy sê: "Art gives us the intuition of the form of things"[2]. Om die werklikheid in sinnelike vorme daar te stel is deel van die mens se struktureelbepaalde, simboolskeppende vermoë en daarom aan elke mens eie, maar net soos met alle ander ver-

125./ moëns kan die ....

1. Vgl. J. Waterink: Theorie der Opvoeding, 504
2. E.o.M., 143.

moëns kan die doeltreffendheid daarvan deur die opvoeding verhoog word. Dit kan geskied deur middel van die onderrig in die herkenning van die vorme en van die opvoeding van die verbeelding, want dit is deur middel van sy verbeelding dat die mens die sinnelike vorme daarstel of die skoonheidsiening in sinnelike vorme giet. Op hierdie wyse word die kind die 'taal' van die kunstenaar aangeleer en as hy nie die kuns kan skep nie, kan hy dit minstens verstaan en geniet. In hierdie 'taal' van die kuns lê die noodwendigheid van 'n estetiese opvoeding.

Kuns is, volgens Cassirer een van die weë waarlangs die mens kan vorder op die pad van progressiewe selfbevryding. Alhoewel kuns in een of ander sintuiglike vorm moet verskyn, word die mens tog deur middel van kuns van die sintuiglike losgemaak. Sy sintuiglike ervaring word in een of ander sinnelike vorm gegiet en dit is 'n handeling van die menslike gees "from inside to outside" en as sodanig simbolies. Kuns bring ook bevryding van die las van die emosies, van die oorheersing van die hartstogte, want die mag van die hartstog word in die kunskepping en kunsgenieting tot 'n vormende mag omgeskep. Kuns bring harmonie tussen die mens en sy wêreld en gee aan die mens 'n innerlike vryheid wat op geen ander wyse verkry kan word nie. Die ware doel van die estetiese opvoeding is dan net soos by alle ander sektore progressiewe selfbevryding. Die bevryding wat kuns meebring kan deur geen ander kultuuraktiwiteit bewerkstellig word nie. Dit vloei dus uit Cassirer se kunsbeskouing voort dat estetiese opvoeding om prinsipiële motiewe noodwendig sal wees. Dit is te meer die geval omdat in Cassirer se kunsbeskouing op so 'n betekenisvolle wyse sy mensbeskouing uitgebring word.

Dat estetiese opvoeding (wat ook die genieting van die skoonheid in die natuur moet insluit) noodsaaklik is, wil ons graag onderskryf en beklemtoon. Ons wil ook onderskryf dat dit nodig is dat die kind se verbeelding gevorm moet word en dat hy onderrig in die formele aspek van die kuns moet ontvang. Waar ons egter van Cassirer verskil is dat dit in diens moet staan van die mens se progressiewe selfbevryding. Dit sal beteken dat die mens op die gebied van die kuns die skoonheid as onpersoonlike gees, slegs in sinnelike vorme kan waarneem.

Estetiese opvoeding is in die eerste plek noodsaaklik sodat die mens deel kan hê in die volheid van God se skepping. Om hierdie besondere openbaring van God te kan ken en verstaan is opvoeding nodig. In die tweede plek stel dit die mens in staat om God op 'n besondere wyse te dien en te eer deurdat hy die skoonheidspotensialiteite in die kosmos kan aktualiseer. In die derde plek het die mens 'n besondere roeping ten opsigte van die estetiese belewing en ten laaste het dit 'n besondere bydrae tot ons opvoeding tot vryheid te lewer (sien ons kritiek op Cassirer se kunsbeskouing).

7. <u>Die plek van die geskiedenis in die opvoeding.</u> Dit is moeilik om die geskiedenis op gelyke voet met die ander kultuursektore te behandel want dit val onses insiens nie onder dieselfde kosmiese dimensie as die ander nie. Geskiedenis het te doen met gebeurtenisse en kan moeilik

126./ as 'n modaal ......

as 'n modaal spesifieke kultuuraktiwiteit van die mens gesien word. Dit wil egter nie sê dat dit nie implikasies vir die opvoeding inhou nie. Dit is wel die geval maar die implikasies is heel andersoortig.

Volgens Cassirer se beskouing van geskiedenis kan ons sê dat die prose van selfbevryding in die kultuursektore self plaasvind, terwyl geskiedenis die verhaal van die proses is.

Vir Cassirer sal sy siening van die geskiedenis grondleggend wees vir sy opvoedkundige denke. Die geskiedenis is vir hom baie meer as net die weergawe van historiese gebeure. Hierdie historiese gebeure moet funksioneel-simboolskeppend geïnterpreteer word, want dan eers kan die gesskiedenis die ware verhaal van die mensdom weergee. Hierdie verhaal is die verhaal van hoedat die mensdom deur sy simboliese funksie, orde- en sisteemskeppend, tot selfbevryding progressief ontwikkel. Die opvoeding van die hede sal bepaal word deur die vryheid (sinvolheid) wat die mens reeds bewerkstellig het. Die opvoeding van die hede is egter nie net gewortel in die verlede nie, maar dit moet ook op die toekoms gerig wees, sodat die proses van selfbevryding kan voortgaan.

Die saamtrek van die verlede en die toekoms met die hede as brandpunt is van unieke betekenis vir die opvoedkunde. Kostelik stel prof. Oberholzer dit: "Tog sal by nadere besinning spoedig blyk dat iemand se visie op die geskiedenis wat oneindig meer en iets totaal anders as die feite van die geskiedenis is, wesenlik niks anders impliseer nie as bepaalde beskouinge oor die mens en die waardevolle in die menslike bestaan. Lassgenoemdes raak die opvoeding en die opvoedkunde op elke punt, en wat veral nooit uit die oog verloor mag word nie, is die feit dat die opvoeding nie alleen deel van die geskiedenis is nie, maar in 'n buitegewone mate die geskiedenis maak en sy gang in 'n bepaalde rigting bevorder. Wie die voorafgaande bewering nie wil onderskryf nie, begryp van die opvoeding en die rol wat dit speel, presies net niks."[1] Die geskiedenis van gister bepaal die opvoedkunde van vandag en die opvoedkunde van vandag bepaal die geskiedenis van môre. In díe lig gesien is die gesskiedenis van die opvoeding ook die geskiedenis van die mensdom.

As gevolg van sy progressivistiese siening van die geskiedenis kan Cassirer nie die plek van tradisie naas díe van progressie in die opvoeding tot sy reg laat kom nie. Antwoorde op die blywende take van die verlede moet die grondslag vorm vir die voortgaande (progressiewe) roepingsvervulling - die verlede vir sover dit die juiste antwoorde op blywende take mag gee, mag nie verwerp word nie. Hierin lê die waarde van tradisie, ook vir die opvoeding. Daarom is so 'n getrou as moontlike kennis van die verlede van onskatbare waarde vir die opvoeding van die kind.

By Cassirer word die kennis van die verlede, die insig in die kultuur van vorige tye, die verhaal van die mens se progressiewe selfbevryding bewerkstellig deur 'n rekonstruksie van die verlede deur middel van interpretasie en herinterpretasie van sy simbole. Hierdie losstaande simbole word deur die historiese verbeelding tot eenheid saamgestel. Die

127./ geskiedenis is dan ...

1. C.K. Oberholzer: Inl. i.d. Prin. Opv., 206.

geskiedenis is dan die verhaal van die volwassewording van die mensdom. Dat hierdie verhaal van die mensdom vir die opvoeding van belang is, is vanselfsprekend.

Hierdie simboliekopvoeding wat, soos ons kan aflei, deur Cassirer sal voorgestaan word, kan nie reg laat geskied aan die geskiedenis self nie. Die waarheid van die historiese gebeure as sodanig word nie bepaal deur die transendentale simboliese vertolking nie, maar is in die gebeure self opgesluit en hierdie waarheid moet aan die kind gebring word. Sodoende kan die kind leer om sy eie plek in die geskiedenis in die regte perspektief te sien en kan hy sy roeping as mens en as individu reg verstaan. Meer nog: hierdie simboliese interpretasie van die geskiedenis kan nie die hand van God in die geskiedenis erken nie en hierin lê vir ons juis een van die fundamentele doelstellings van die historiese opvoeding.

Cassirer se siening dat die verlede telkens weer aan herinterpretasie onderhewig gestel moet word het sy waarde en betekenis omdat met meer kennis en wyer perspektief die geskiedenis telkens anders gesien kan word. Dit vervul die eis dat ons so 'n getroue beeld as moontlik van die geskiedenis moet kry om aan die kind mee te deel. Dit word egter nie gedoen deur 'n simboliese herskepping van die verlede nie, maar deur die kind in kontak te bring met die gebeure soos dit gebeur het.

Geskiedenis, sê Cassirer, is 'n vorm van selfkennis want in die geskiedenis keer die mens steeds na homself terug. In die geskiedenis word die mens as 't ware op 'n afstand geplaas en met kalmte aanskou en geken. Dit is nie moontlik met die mens in die hede nie, want in sy hede is die mens nog te gebonde aan die las van sy emosies en hartstogte. So gesien, is die geskiedenis "an organon of our selfknowledge"[1]. Die ware doel van die historiese opvoeding sal dan, volgens ons kan aflei, wees om die kind tot kennis van homself as individu en as mens te bring. Dit sal dan bydra tot die voortgang van die selfbevrydingsproses sodat die mens uiteindelik 'n suiwere onpersoonlike wêreld van 'meaning' kan betree.

Hierdie doelstelling is eensydig humanisties. Geskiedenis kan en moet die mens tot selfkennis bring, maar dit is sekerlik nie die enigste en ook nie die hoogste doel nie. Die geskiedenis onderrig moet kennis bring van God en Sy weë - hoedat Hy die gange van die mens en van nasies rig; dit moet kennis bring van die wêreld en hoedat die mens in hierdie wêreld 'n roeping het en 'n roeping vervul het. Dit het ook 'n profetiese doelstelling, want dit moet die kind ook bewus maak dat hy 'n roeping ten opsigte van die toekoms het; met ander woorde kennis van geskiedenis beteken nie net vorming van selfkennis nie maar nog veel meer. Dit beteken kennis van die verhouding van die mens tot God, tot homself, tot sy medemens en tot die hele wêreld, soos dit in die verlede tot openbaring gekom het.

<u>6. Die plek van die 'wetenskap' in die opvoeding.</u> Volgens Cassirer is die 'wetenskap' die terrein waar die mens die verste gevorder het op

1. E.o.M., 206.

128./ sy pad na .......

sy pad na selfbevryding en is tegelyk ook die hoogste waartoe die mens in staat is. Hier kan hy beweeg op die terrein van die suiwer sinvolle. Die noodwendigheid van die 'wetenskaplike' onderrig in die opvoeding is dus duidelik. Die mens as enkeling moet in staat gestel word om ook hierdie hoogste sport van die menslike ontwikkeling te bereik en verder uit te bou. Dit sal trouens ook die hoogste wees waarna die opvoeding kan strewe.

Die doel van die 'wetensaplike opvoeding is dan in die laaste instansie die volkome losmaking van die mens van sy sinnelike gebondenheid want hier kan hy in 'n suiwer simbolewêreld beweeg.

As hierdie siening van die mens (dat hy simboolskeppend uiteindelik beland in die wêreld van abstrakte begrippe en simbole van die 'wetenskap') waar sou wees, het hy 'n Frankenstein-monster geskep wat homself vernietig. In hierdie abstrakte wêreld van simbole verloor hy alle konkreet persoonlike individualiteit en is hy niks meer as 'n simboolskeppende gees nie. In hierdie wêreld sal sy taal, sy godsdiens, sy kuns, ja alles opgaan en het hy eintlik opgehou om as menslike persoon te bestaan. Dit is 'n miskenning van die hele wese van die mens en word geloënstraf deur die geskiedenis van die ontwikkeling van die mensdom.

Ons sien die wetenskap baie wyer as wat Cassirer dit sien (vgl. ons kritiek op sy 'wetenskap' beskouing) daarom sal in die opvoeding die benadering ook baie ruimer wees. Die vormingsideaal wat deur die wetenskap gestel word betrek 'n groot verskeidenheid van kringe (sektore) en dit het 'n bepalende invloed op hierdie kringe. Dat dit van groot opvoedkundige betekenis is behoef seker geen motivering nie. Hierdie vormings ideaal van die wetenskap eis dat in al hierdie kringe die kind in kontak met die sinvolle wat gegee is, gebring sal word.

Waar Cassirer die hoogste in die 'wetenskap' sien, aanvaar ons die gelykwaardigheid (soewereiniteit in eie kring van sektore) van sedelikheid, kuns, taal ens. met die wetenskap. Hierdie verskillende kringe werk onderling bevrugtend en moet onderling tot diens wees - juis ook in ons opvoeding.

Die hoogste waartoe die mens in staat is verwerf hy nie in die wetenskap nie maar in sy godsdiens. Die hoogste taak van die wetenskap (beide soos ons en Cassirer die wetenskap sien) is nie om die mens van homself vry te maak nie maar om die wondere van God, soos Hy dit in Sy skepping openbaar het, te ondersoek en vir die menslike gees kenbaar en verstaanbaar te maak. Hierdeur sal hy die mens bekwaam om sy roeping as heerser meer volkome uit te voer en daardeur die beeld van God in hom duideliker gestalte gee.

Die wetenskap het dus 'n baie besondere en belangrike funksie te vervul en sal in enige opvoedkundige stelsel 'n unieke plek inneem.

7. Kultuureenheid. In al die verskillende kultuuraktieiteite sien Cassirer 'n diepe en wesenlike eenheid. Hierdie eenheid bestaan daaruit dat hulle almal fases (Cassirer neem dit fases maar eintlik is dit fasette) is van die een groot proses van selfbevryding en almal die produk

129./ is van dieselfde ...

is van dieselfde funksionele simboolvormende aktiwiteit en van die ontwikkelingsgang van sinnelike gebondenheid na "ideation". Vir die opvoeding sal so 'n siening van wesenlike belang wees. Uit hierdie eenheidsiening vloei dit voort dat die doel, die metode, ja die hele opvoeding in laaste instansie in die progressiewe selfbevryding, soos dit verwerf word deur die simboliese funksie, opgesluit lê.

Ons aanvaar ook 'n eenheid in die menslike kultuur, maar dit lê nie opgesluit in die funksies van die menslike gees alleen nie. Dit lê in die eenheid en samehang van die menslike funksies vir kultuurvorming soos dit gegrond is in die eenheid van die mens. Aan die anderkant word die eenheid medebepaal deur die groot eenheid wat God self in sy skepping ingelê het. Die hele kultuur word daargestel tot eer van God en in diens van God en daarom sal alle opvoeding op watter terrein ook al in sy diepste wese religieuse opvoeding wees en alle onderrig moet gesien word in die lig van die openbaring van God in die Skrif en in die natuur.

Opvoeding tot die simbolewêreld (waarin die eenheid van die kultuur en van die opvoeding lê) is geen opvoeding van persoon as persoon nie. Daarom sal 'n simbolistiese pedagogiek (soos afgelei van Cassirer se simboolbeskouing) verontpersoonliking aan die hand werk. Hierteenoor wil ons die belangrikheid van persoonlikheids- en karaktervorming beklemtoon. Die kultuurskepping dra by tot die vorming en ontwikkeling van die persoonlikheid want hierin vervul die mens die roeping wat God aan hom gestel het. Daarom sal die integreringspunt waarom die persoonlikheid gebou word die gestaltegewing van die beeld van God in die mens wees. As dit selfbevryding moet wees (soos Cassirer dit sou wou hê) sal die resultaat, soos reeds hierbo aangetoon, negatief wees.

Ons glo ook dat elke mens, behalwe dat hy draer is van erflikheidsfaktore, ook 'n unieke eenheidskepping van God is; daarom sal in sy persoonlikheidsontwikkeling en -vorming sy individualiteit nie verlore gaan of mag gaan nie.

Om saam te vat: Die eenheid in die kultuur vereis dus 'n eenheid van opvoeding maar ook 'n opvoeding tot eenheid. By Cassirer sal die eenheid van die opvoeding lê in die samehang van die simboolvormende funksies en die opvoeding tot eenheid sal bestaan uit die opvoeding tot selfbevryding. By ons word die eenheid van die opvoeding medepaal deur die geestesfunksies, deur die sinvolle wat beheers moet word in die kultuurskepping, deur die wetsorde van die kultuur en deur die bepalende onderhewigstelling van die kultuur aan die godsdiens en die religie. Die opvoeding tot eenheid sal vir ons bestaan in die opvoeding tot kind van God waardeur die beeld van God in die mens duideliker gestalte kry.

Soos ons dit sien sal die eenheid van die opvoeding van die mens die eenheid van die kulturele opvoeding in hierdie breëre en meer omvattende omlysting plaas en nie soos Cassirer uiteindelik alles na die eenheid van die transendentaal simboolvormende kultuurfunksies terugvoer nie en sodoende die eenheid van die persoon en die opvoeding daartoe hieraan geheel en al onderhawig stel nie.